Wie mag dissipels wees?
Matteus 4:12-5:12

Inleiding

- Welkom by die nuwe Trinitas!

- Vandag is ‘n baie spesiale dag
  - Ons skop vandag amptelik af met ‘n nuwe fase in die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Vanderbijlpark.

- Daar is ‘n omkeerstrategie aan die gang in die GKSA
  - Ons het ook al vir meer as ‘n jaar beplan aan ons eie omkeer
  - Jy het dalk al begin voel dat jy ook jou eie omkeer moet maak...?
  - So ons begin ***vandag*** om ons nuwe fokus en identiteit
    - bekend te maak...
    - ... én dit saam te lewe!

- Hierdie tipe omkeer gebeur nie oor nag nie
  - ‘n klomp dinge gaan oor die volgende paar jaar hulle nodige aandag kry.
  - Maar ons begin vandag daardie pad stap.

- Die eerste sleutel om ons eie omkeer oop te sluit
  - is om jou dissipelskap van Jesus oop te sluit

- Ons gaan die volgende 3 weke leer oor dissipelskap
  - Wie dissipels van Jesus kan wees
  - Wat dit kos om ‘n dissipel te wees
  - En wat dissipelskap jou gaan maak

Dissipel

- Om jou ‘n idee te gee hoe belangrik hierdie idee van disspels is
  - Die Bybel gebruik eintlik net 3 keer die woord *Christen*.
  - En oor die 250 keer die woord *dissipel*.

- ’n Dissipel is ’n mooi woord vir volgeling of vakleerling
  - ‘n Appy.
  - ’n Appy is iemand wat op ’n baie praktiese manier een of ander ding aanleer van ’n kenner.
    - Hy kyk en luister en probeer,
  - ‘n Dissipel is ‘n mens wat Jesus só volg
    - En dit wat Jesus vir ‘n dissipel leer
    - Is hoe om regtig te lewe voor God

- Maar omdat ons nie altyd die woord dissipel gebruik het nie, of dit baie vaag gebruik het,
  - Begin ons vandag om eers ‘n paar vrae te antwoord?
    - Wie mag dissipels wees van Jesus?
    - Is dit nie ‘n spesiale tipe Christen nie?
    - Hoe werk dissipel-wees nou eintlik?

- ’n Gedeelte in Matteus help ons om hierdie vrae te antwoord.
    - Kom ons lees Matteus 4:12-5:12

Wie mag dissipels wees?

- Kom ons kyk na jou agtergrond,
    - Sal Jesus jou wil hê as sy dissipel...

    - Waar het Jesus sy dissipels gaan haal?

- Dit klink so mooi as daar staan dat Jesus Hom gaan vestig het in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali [v14].
    - Asof hy afgetrek het Kaap toe en ’n plekkie by Bloubergstrand gekry het.

- Maar, Kapernaum in Galilea was ’n baie eenvoudige dorp.
    - Die mense daar was nie geleerd nie en het hande werk gedoen.
    - Meestal vissermanne en vis smouse omdat die meer naby was.
- Galilea was ook die provinsie in die Noordelike uithoek van Israel.
    - Dit was nie in die belangrike middel van die aksie nie
    - Daarom word dit “skemerland van die dood” genoem en die mense daar die “volk wat in duisternis woon”.

- Galilea was nie die agtergrond waaruit jy wou kom as jy dit in die lewe wou maak nie.
    - Dis soos mense wat vandag skaam is om te sê hulle is van Benoni, Boksburg of Brakpan....
    - Party mense voel dalk so oor Vanderbijl?

- Maar die aanhaling wat 'n profesie was 100de jare voor Jesus sy adres na Galilea toe verander het,
    - sê ook ...daar sou 'n lig opgaan in daardie hopelose plek.
    - En dit het gebeur die dag toe Jesus soontoe getrek het.

- Hier is die punt van wat ons hier sien gebeur:
    - Jesus gee niks om oor 'n plek se reputasie of jou agtergrond nie.

- Dalk wonder jy oor jou agtergrond
    - of God regtig sal belangstel om iets met jou hier in Vanderbijl te doen.
    - Of jy wonder oor ander dinge wat in jou verlede lê:
    - Jou gesin is nou nie regtig super Christene nie...
        - Jou ma praat nie eintlik oor haar geloof nie,
        - Jy kan nie hardop voor mense bid nie.
    - Julle was dalk nie eens die tipe mense wat baie kerk toe is nie
    - Jy was nou nie die tipe wat pouses in die saal saam met die CSV bid kringetjies gemaak het nie

- Jy kom van ’n plek of ’n lewe af waar mense gaan dink jy is bietjie vreemd as jy nou ernstig daaroor raak om Jesus te volg...

- Maar Jesus wys jou hier
  - dissipelskap vra nie ‘n spesiale agtergrond of plek nie
  - enigiemand van enige plek mag ‘n dissipel wees
  - Dis deel van wat Hom so verrassend goed maak.

Is ‘n dissipel nie ‘n spesiale tipe Christen nie?

- Goed, so my agtergrond is nie ’n probleem nie...
  - Wat van my eie persoonlike kwaliteite?
  - Jesus soek seker net die beste?!

- Dis mos hoe ons lewe werk.
  - Daar is altyd ‘n minimum vereiste
    - Jou gemiddeld moet goed wees,
    - of jy moes ten minste goed gedoen het in Wiskunde,
    - 3 jaar ervaring
    - of jy moet ’n aanleg toets slaag
    - of ’n onderhoud slaag.

- Dis wat so wonderlik is in wat ons lees van die tipe mense wat Jesus roep:
  - Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes.

- Om te verstaan wat hier so verrassend is,

- moet jy verstaan hoe die Joodse skoolsisteem gewerk het.

- Op omtrent 5 jaar moes jy leer lees en die Hebreeuse Bybel begin memoriseer.
  - Jy kan dink dis dalk bietjie rof
  - maar jy was dan gelukkig teen ouderdom 13 klaar met skool. Einde gr 7 –klaar!

- Dan het net die skerpste messe in die laai aangegaan om meer oor God te leer.
  - En hulle het later die voorreg gehad om 'n Rabbi se volgeling te word.

- Die gewone kinders het vakleerlinge geword van wat hulle ouers ook al gedoen het.
  - As jou pa 'n timmerman was, het jy saam hom gewerk en hy moes jou oplei daarvoor.
  - As jou pa 'n visserman was, het jy dit geword want dis al plek waar jy verder iets kon leer om jou brood te verdien.

- Raai in watter groep het Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes geval....?
  - Die gewone kinders wat maar moes gaan leer van visvang!
  - Ouens wat nooit 'n kans sou kry om vêrder oor God te leer nie.
  - En hier kom Jesus een oggend verby en nooi hulle om Hom te volg en sy vakleerlinge te word.

- Sien... dis nie dat Jesus wel na onverwagte plekke is
    - maar tog die beste kandidate gaan soek het nie.
    - Jesus soek ook onverwagte kandidate.

- Dalk is die dinge wat jou laat huiwer om Jesus regtig te volg nie soseer jou agtergrond nie... maar jouself.
    - Jy ken dalk nie een Bybelvers uit jou kop uit nie
    - As jy in die Bybel moet blaai na die boek Eksodus toe dan moet jy eers daar voor in die Bybel gaan kyk waar hy inpas op die lysie.
    - Jy weet dalk jy gaan nie weet wat om te maak as iemand jou kom vra
        - oor die grootdoop
        - of as 'n ateïs jou 'corner' oor evolusie nie.
    - Of iemand vra dat jy vir hulle bid nie.
    - Jy voel dalk dat die laaste persoon wie Jesus vir sy span sal kies... is jy.

- Maar die punt wat hier gemaak word is juis
    - dat die kanse klein is dat hierdie dinge teen jou gaan tel om 'n volgeling van Jesus te mag wees.

- Net daarin op sigself sien ons iets van die genade van God...
    - wat omgee om lig in die duister gespartel van jou lewe te wees
    - en jou te leer oor die lewe soos Hy dit bedoel het...

- En dis waaroor ons volgende moet praat...
    - hoe werk hierdie opleiding tussen jou en Jesus in Vanderbijl?

Hoe werk dissipel-wees nou eintlik?

- Wel, eintlik makliker as wat jy dink.
    - Daar is twee dele
        - praktyk
        - ...en dan teorie.
    - Ek wat luister... én lewe

- Ons sien hier direk nadat Jesus hierdie mense geroep het,
    - loop hulle saam met Hom deur die hele Galilea
    - en Hy spandeer Homself as Koning van die Heelal op 'n manier wat die mense help.
    - Sy nuwe 'appies' staan reg agter Hom en neem alles in,
        - selfs al lees ons dat hulle daar nog nie eens 'n vinger gelig het nie.
        - En dis vir Jesus geen probleem nie.

- Dalk is die eerste praktiese ding van Jesus volg, net dit...
    - om net eers te sorg dat jy op plekke is waar Hy aan die werk is.
    - Waar jy kan kyk en inneem om 'n idee te begin kry waaroor dit alles gaan.

- In vandag se terme beteken dit om te gaan waar sy liggaam, ander aktiewe 'appies', gaan

- en dop te hou wat Jesus deur hulle doen.

- Dit kan spesifieke dinge wees soos
  - om saam die CIA ouens volgende keer te gaan op 'n uitreik,
  - Of te gaan kyk wat gebeur met die broodjieprojek by die skole
- Dis goeters wat ons doen en jy kan maar net saamkom en kyk.
  - Of
- dit kan 'n vriend/vriendin wees wat jy weet Jesus volg en dat jy sorg om meer tyd saam met hulle te spandeer.

- Die opleiding begin baie makliker as wat jy dink
  - Jesus sê net eers: "Kom hier... kom saam met my"!
  - Hoor jy hom vanoggend?

- Maar daar kom 'n tyd wat jy moet begin dink!

- Ons sien hier hoe die mense op Jesus se werk reageer en begin saamdrom.
  - Dis dan wat Jesus na sy volgelinge toe draai
  - om in teorie te verduidelik wat hulle in die praktyk raakgeloop het [5:1-12 ev.]:
    - Al daardie mense wat geweet het net God kan hulle help,
    - wat hartseer was in hulle seer,
  - wat sagmoedig ander se swaar gesien het en hulle aangedra het na Jesus van ver af,
  - wat gesmag het na hulp...

        - hulle het die seën van Jesus se bediening ontvang
        - hulle is die gelukkige mense in die lewe

- En so wys en verduidelik Jesus vir hulle
    - Wat eintlik gebeur het toe hulle saam hom geloop het
    - En hoe die lewe werklik werk.
        - Doen dinge en dink dinge.

- Dissipel-wees is nie om die regte of meer feite oor God in jou kop te hê nie.
    - Dalk het jy genoeg feite
        - maar die feite gaan verrassend lewendig word
            - as jy jouself ook blootstel aan die situasies waarin daardie woorde lewe.
    - Dis waar Jesus vir jou meer as net woorde gaan word...
        - en waar jy gaan leer om Hom tree vir tree in Vanderbijlpark te volg.

- As jy nie 'n Christen is nie,
    - hoop ek jy het raakgesien dat Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes ook nie Christene was toe Jesus hulle nooi vir dissipelskap nie.
    - Dalk sê jy nee vir baie van die woorde-deel van Christenskap,
        - maar dalk is dit blootstelling aan die 'doen' van regte volgelinge van Jesus
        - wat jou sal oortuig dat daar iets in die woorde sit...

        - en daarom ook krag is in die goeie nuus van Jesus wat deur sy dood en opstanding ook 'n lig in jou gespartel met donkerte van die lewe wil wees.
        - Jesus wat onwaarskynlike mense in onwaarskynlike plekke opsoek...
            - waarskynlik jouself ook.

- As jy 'n Christen is hoop ek jy hoor daar is iets soos aktiewe dissipel-wees.
    - Dalk sit jy op die oomblik vas in een of ander seer of probleem waar jy God net nie meer sien nie.
    - Dalk is die sleutel om deur dit te groei,
        - om weer met die doen én die dink-dinge te werk.
            - As jy ophou doen het en net dit probeer uitdink...
                - begin dalk weer doen.
            - As jy ophou dink het en net klomp goed doen...
                - gaan sit dalk eers en luister weer nederig na Jesus.

- 'n Dissippel luister éN lewe

- Orals in die proses van dissipelskap sien ons
    - die Genade van God wat sy Seun gestuur het
    - om onwaarsknylike mense te leer lewe,
    - en lewe te gee deur sy offer aan die kruis.
    - God is verstommend goed dat Hy ons so kom help!

Slot

- Die omkeer waarmee Trinitas gaan werk is nie ‘n driepunt strategie van die kerkraad nie
    - Dis jóú omkeer en mý omkeer

- Dis om almal as dissipels na die lewende Jesus te luister en agter hom aan te lewe...
    - ...en so weer te begin lewe.

- En dis vir enigiemand van enige plek... en dit laat God skitter!

- Welkom by die nuwe Trinitas!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
19 Oktober 2014